Desember / December 2025

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

"En toe hulle die ster sien, het hulle hul met baie groot blydskap verheug." - Matteus 2:10



# KERSFEES/CHRISTMAS 2025

Soos die jaar tot 'n einde kom en ons weer in die lig van Kersfees staan, word ons herinner aan die grootste wonderwerk van alle tye - die geboorte van Jesus Christus. In 'n eenvoudige stal in Betlehem het die Koning van die hemel mens geword, om vir ons sondes te sterf en weer op te staan sodat ons lewe en hoop kan hê. Hierdie blye boodskap vorm die hart van Kersfees, en dit herinner ons daaraan dat wonderwerke nie net iets van die verlede is nie, maar dat dit vandag nog plaasvind.

Oor die afgelope jaar het ons dit weer ervaar dat wonderwerke steeds gebeur. Selfs in ons eie gemeenskappe, op ons plase en in die werksplek. Daar was 'n tyd toe dit gelyk het asof die seisoen teen ons draai met die tweede helfte van die graanseisoen wat byna sonder reën verbygegaan het. Baie van ons het gewonder, "wat sou die uitkoms wees?" En tog, ten spyte van die uitdagende weertoestande, het ons die ongelooflike genade van God beleef - 'n gemiddelde tot selfs bo-gemiddelde graanoes in baie dele van ons bedieningsgebied.

Dít is 'n wonderwerk, nie een wat in die nuus opval nie, maar een wat in elke canolasaadjie, in elke gars-en koringaar en in elke dankbare hart sigbaar geword het. Dit is 'n herinnering dat God steeds getrou is, selfs wanneer omstandighede onseker lyk. Ons kan met dankbaarheid sê, "Die Here het voorsien."

Kersfees is dus nie net 'n tyd van feesviering nie, maar ook 'n tyd van dankbaarheid. Ons is dankbaar vir die Here se sorg en vir alles wat ons saam as SSK-familie kon bereik. Ons waardeer elke lid, elke werknemer en elke gesin wat deur harde werk, toewyding en geloof hierdie jaar deel was van SSK se suksesverhaal. Julle is die mense wat ons leuse, **"Werk saam, Wen saam"**, elke dag prakties uitleef.

Hierdie jaar het ons ook die voorreg gehad om 'n ander besonderse mylpaal te beleef - Die Humansdorpse Landbou Koöperasie het deel van die SSK-familie geword. Ons is opreg dankbaar vir hierdie samevoeging en die nuwe geleenthede wat dit vir al ons lede en kliënte inhou. As 'n groter groep sien ons met afwagting uit na die waardevolle bydrae wat hierdie uitgebreide familie tot die lede in ons bedieningsgebied gaan bring. Saam staan ons sterker met meer kundigheid, ondersteuning en geloof vir die toekoms van ons landbougemeenskap.

Mag hierdie feestyd vir julle 'n tyd wees om regtig te rus - om asem te haal, te ontspan en kosbare tyd saam met familie en geliefdes deur te bring. Mag julle lag, herinneringe maak, en die vrede van Christus in julle huise ervaar.

Wanneer die nuwe jaar aanbreek, mag ons almal met nuwe krag en vars inspirasie terugkeer. Gereed om weer saam te werk, saam te groei en saam te wen. Die pad vorentoe bring sekerlik nuwe uitdagings, maar ook nuwe geleenthede om die wonder van God se seën en voorsiening te ervaar.

Ons wens elkeen van julle 'n geseënde Kersfees toe, gevul met vrede, liefde en dankbaarheid. Mag 2026 vir ons almal 'n jaar van groei, oorvloed en wonderwerke wees - groot én klein.

Met opregte waardering en seën,

*- Francois Swanepoel*
*Hoof Uitvoerende Beampte*

As the year draws to a close and we once again stand in the light of Christmas, we are reminded of the greatest miracle of all time – the birth of Jesus Christ. In a humble stable in Bethlehem, the King of Heaven became man, to die for our sins and rise again so that we may have life and hope. This joyful message lies at the heart of Christmas and reminds us that miracles are not only part of the past, but that they still happen today.

Over the past year, we have once again experienced that miracles do still occur – even within our own communities, on our farms, and in our workplaces. There was a time when it seemed as though nature had turned against us, with the second half of the grain season passing almost without rain. Many of us wondered, "What will the outcome be?" And yet, despite the challenging weather conditions, we witnessed the incredible grace of God – an average to even above-average harvest in many parts of our service area.

It is a miracle, not one that makes the headlines, but one that became visible in every canola seed, in every barley and wheat ear, and in every grateful heart. It is a reminder that God remains faithful, even when circumstances seem uncertain. With gratitude we can truly say, "The Lord has provided."

Christmas, is therefore not only a time of celebration, but also a time of thankfulness. We are grateful for the Lord's care and for all that we have achieved together as SSK family. We deeply appreciate every member, every employee and every family who, through hard work, dedication and faith, played a part in SSK's story of success this year. You are the people who give life to our motto, **"Work together, Win together",** every single day.

This year we also had the privilege of celebrating another special milestone – Die Humansdorpse Landbou Koöperasie became part of the SSK family. We are truly grateful for this merger and for the new opportunities it brings to all our members and clients. As a larger group, we look forward with anticipation to the valuable contributions this extended family will bring to our members across our service area. Together we stand stronger, with greater expertise, support and faith in the future of our agricultural community.

May this festive season be a time for you to truly rest – to breathe, relax and spend precious moments with family and loved ones. May your days be filled with laughter, beautiful memories and the peace of Christ in your homes.

As the new year dawns, may we all return with renewed strength and fresh inspiration, ready to work together, grow together and succeed together. The road ahead will surely bring new challenges, but also new opportunities to experience the wonder of God's blessings and provision.

We wish each of you a blessed Christmas filled with peace, love and gratitude. May 2026 be a year of growth, abundance, and miracles – both big and small – for all of us.

With sincere appreciation and blessings,



*- Francois Swanepoel*
*Chief Executive Officer*

# WONGA TUTA

## Senior Manager: Umtiza Farmers' Corp

### TELL US ABOUT YOURSELF AND YOUR FAMILY

I was born in Mount Frere as the second child and the first son in a family of two girls and three boys. In the African culture, being the first-born son comes with a great sense of leadership and responsibility within the family - a role I have carried with pride to this day. At the age of eight, my parents sent me to live with my aunt, a teacher in Mdantsane (a township in East London), for health reasons. There, I completed my primary education and went on to attend Daliwonga Senior Secondary School in Cofimvaba, where I obtained my matric certificate.

My father, who worked as a prison warden and the sole breadwinner, could not afford to send me to university, as I wished. I therefore enrolled at Cicira College of Education, where I completed my Secondary Teachers' Diploma. After working as a teacher for four years and saving almost every cent, I was finally able to pursue my dream of obtaining a Bachelor's Degree in Administration at the University of Durban-Westville, majoring in Economics. In later years, with the support of my wife, I continued my academic journey through part-time studies, and completed a Certificate in Local Economic and Business Development at the University of Fort Hare, followed by a Master's Degree in Development Studies at Nelson Mandela Metropolitan University.

### WHAT DO YOU ENJOY DOING TOGETHER AS A FAMILY?

I married my dear wife Bathabile 28 years ago, and our marriage has been blessed with three sons. With our boys Bafikile (28), Sesona (25) and Amkelwe (21) now grown and since moved out of the house, we truly treasure the moments we get to spend together as a family - enjoying a braai, sharing stories, and catching up on each other's lives. Travelling has also become a special hobby for my wife and I which allows for relaxation and to explore new places.



F.l.t.r (back):Wonga and Amkelwe (on shoulders)
F.l.t.r (front): Sesona, Bathabile and Bafikile

### SUM UP YOUR CAREER UNTIL NOW

I began my career in teaching in the early 1990's. This experience has provided me with a strong foundation in social interaction, communication and leadership. Since then, I have held various leadership and management positions across different sectors. After leaving the education sector, I spent ten years in the Small Enterprise Development field where I managed several organizations, including the Mt. Ayliff Development Agency and the Mineworkers Development Agency. I later served as the Provincial Manager of the National Development Agency in the Eastern Cape.

In 2007, I joined Africa's Best 350 Ltd, the second-largest bus company in the Eastern Cape, as its founding Chief Executive Officer - a position I held for ten years until 2017. Thereafter, I joined Umtiza Farmers' Corp as General Manager. I currently serve as the Senior Manager: Umtiza at SSK.

### WHAT IS YOUR GREATEST CAREER ACHIEVEMENT?

The ten years I spent as Chief Executive Officer at Africa's Best 350 Ltd stands out as the highlight of my career. The passenger transport industry is highly dynamic, with daily challenges that demand adaptability and strong leadership. During my years of service at the company, I believe I played a key role in helping to formalise and professionalise the industry within the region. Under my leadership, the company grew from humble beginnings to operating 135 sixty-five-seater buses within six years. We successfully attracted and repaid over R160 million in loan financing and served more than two million rural passengers annually.

### WHERE DO YOU SEE YOURSELF & SSK/UMTIZA IN 5 YEARS?

In the next five years, as I prepare for retirement, my goal is to see Umtiza continue to grow beyond the borders of the Eastern Cape — expanding its reach into communal markets in KwaZulu-Natal and other provinces. I hope to leave behind a legacy of sustainable growth, strong partnerships and a culture of service excellence.

### WHAT IS THE BEST ADVICE YOU'VE EVER RECEIVED?

One of the most meaningful pieces of advice I have received is that silence can be a powerful strategy when facing challenges. A quote that continues to inspire me says: "Do not fight with a pig because you both get dirty, and the pig enjoys it. People will not know who the pig is."
~ Anonymous

# REËNVAL IN STREKE

| STREEK | AUG 2025 | SEPT 2025 | OKT 2025 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 0 | 5 | 5 |
| Albertinia | 5 | 19 | 15 |
| Ashton | 5 | 2 | 1 |
| Avontuur | 9 | 31 | 25 |
| George | 5 | 30 | 36 |
| Heidelberg | 4 | 15 | 15 |
| Herold | 4 | 5 | 3 |
| Joubertina | 12 | 7 | 22 |
| Karringmelks | 6 | 10 | 18 |
| Knysna | 5 | 26 | 46 |
| Krakeel | 12 | 10 | 37 |
| Krombeksrivier | 1 | 10 | 13 |
| Misgund | 13 | 28 | 25 |
| Mosselbaai | 2 | 40 | 11 |
| Protem | 8 | 14 | 13 |
| Plettenbergbaai | 17 | 39 | 61 |
| Riversdal | 12 | 10 | 5 |
| Swellendam | 7 | 16 | 15 |
| Uniondale | 12 | 0 | 5 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# ECKARD LEICHER – LA MONTANARA MELKERY



V.l.n.r (agter): Marius Fourie, Rohan Steyl, Bernard Leicher en Eckard Leicher snr. V.l.n.r (middel): Eckard Leicher jnr. met Reohn Fourie op arm, Line Leicher, Heidi Fourie, Karla Steyl en Luise Leicher V.l.n.r (voor): Malan Steyl, An-Nanje Fourie, Landre Fourie, Lente Steyl en Jaunru Steyl

Die Duitse filosoof en skrywer, Johann Wolfgang von Goethe, het gesê: "life is too short to enjoy bad wine." 'n Man met só 'n besondere uitkyk op die lewe is eens deur Albert Einstein beskryf as 'n digter sonder gelyke, en as een van die slimste en wysste mense van alle tye. Dit sou dus 'n sonde wees om nie met een van die wêreld se mees invloedryke figure in die Duitse letterkunde, oor sy siening van goeie wyn, saam te stem nie.

Daar is egter iets wat selfs 'n uitstekende wyn nóg beter maak – 'n pasmaat so oud soos tyd self. 'n Vriendskap tussen twee "jarelange vriende" en 'n element van "veroudering" wat beide se beste eienskappe, wanneer hulle saam geniet word , na vore bring: die perfekte kaas saam met die perfekte bottel wyn. 'n Kombinasie wat, volgens die Romeine, vriendskap gesimboliseer het en steeds mense saambring om dit te vier.

By die 2025 Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe, het La Montanara Melkery, net buite Ashton, nie net een nie, maar drie toekennings gewen. Die toekennings het ingesluit die Qualité-toekenning en die titel van SA Kampioen vir hul Woolworths Halloumi Kebabs, asook SA Kampioen vir hul Woolworths Royal Ashton. Dit was dus tydens 'n onlangse besoek aan La Montanara Melkery duidelik dat kaasmaak nie net besoekers na die plaas lok nie, maar ook 'n familie saamgebring het om 'n suksesvolle besigheid te bou.

Die naam La Montanara of La Mont, soos dit algemeen bekend staan, is Italiaans en beteken "die lied van die berge" of "van die berg af". Dit was die Namibiër Dieter Leicher wat in 1981 die plaas gekoop het, en die oorspronklike naam Sarasrivier, na La Montanara verander het. Sy seun, Eckard, wat in 1993 die plaas by hom oorgekoop het, ontmoet my by die plaas-deli.

Op La Mont word daar op grootskaal met melkbeeste en varke geboer, terwyl mielies vir kuilvoer aangeplant word. Eckard vertel dat sy pa 'n sakeman was – iemand met min kennis van boerdery. Hy het die plaas oorspronklik as 'n plek vir aftrede gekoop, terwyl hy sy besigheid tot 1987 vanuit sy kantoor in Worcester, bestuur het. Eckart het sy studies in Wingerdbou Veeteelt in 1982 aan Elsenburg Landbou Kollege begin, waarna hy sy pa op die plaas gehelp het. In 1993 besluit hy om die plaas by sy pa oor te koop en dit te omskep in die volwaardige besigheid wat dit vandag is.

Hy vertel dat hy aanvanklik met 'n paar melkbeeste en skape die besigheid begin het en só melk aan die plaaslike melkkoper verkoop het. Toe die koper kwotas op surplusmelk instel en winste begin daal, het hy besluit om eerder sy oorskotmelk direk aan die dorpenaars, in emmertjies te verkoop. Die besigheid het vinnig gegroei, en in Desember 1993 het hy 'n dag kursus in kaasmakery by Elsenburg voltooi.

In 1994 het hy sy bande met die melkkoper beëindig en besluit om hom voltyds op kaasmaak toe te lê. Vandag besit hy meer as 1 000 koeie, met 'n gemiddelde melklewering van 23,5 liters per koei per dag, en koop hy dan ook melk aan vanaf twee plaaslike produsente uit die omgewing.

Behalwe vir die heerlike verwerkte en toegevoegde varkprodukte wat ook in die deli verkoop word, bly hulle kase steeds die hart van die onderneming. Oor die jare het La Mont 'n gevestigde naam onder kaasliefhebbers geword, en juis om dié rede het Eckard in 2009 besluit om die La Mont Deli te open. Daar word 'n wye verskeidenheid sagte-, medium- en harde kase vervaardig, en hulle spesialiseer ook in roomkase en botter. Met trots vertel Eckard dat hy in 2000 die eerste ultra filtrasiemasjien vir die vervaardiging van Danish feta vanuit Frankryk na Suid-Afrika ingevoer het. 'n Nuwe toevoeging tot hul kaasprodukte is "Heidi's Bergkäse" – 'n hardekaas-reeks wat na Eckard se dogter, Heidi, vernoem is.

Aan die een kant van die plaas is konstruksiewerkers doenig met bou- en opruimingswerk. Eckard verduidelik dat hulle besig is om die kaasfabriek uit te brei en dat die bouproses goed vorder. Dit is sigbaar dat hierdie boer nie net 'n kop vir boerdery het nie, maar ook 'n skerp besigheidsinstink. Hy vertel dat alhoewel sy pa nie self 'n boer was nie, hy baie by hom oor die sakewêreld geleer het. "My pa was uitstekend wanneer dit by ontwikkeling gekom het," sê hy met waardering.

Eckard is dankbaar dat drie van sy kinders saam met hom werk. Sy jongste seun Bernard, studeer tans BCom Bemarking aan IMM Graduate School of Marketing op Stellenbosch, en het ook onlangs sy kommersiële vlieëniers-lisensie verwerf. Selfs sy skoonseuns speel 'n belangrike rol in die familie-onderneming. Eckard se twee dogters, Karla en Heidi, bestuur die kaasfabriek, terwyl sy seun Eckard jnr. vir die daaglikse bestuur van die melkery verantwoordelik is. Sy skoonseun Marius, hanteer die varkboerdery en slaghuis terwyl Karla se man, Rohan, die aankope behartig.

'n Hoogtepunt op die familie-kalender is 'n jaarlikse drie-weke familietoer in Junie en Julie na Namibië of Botswana. "Ek het lang ure gewerk, en die besluit geneem dat daar nie oor naweke gewerk word nie. Dit help nie jy maak geld as jy nie tyd het om saam met jou familie te spandeer nie. Daar is tyd vir werk, en tyd vir familie." sê hy.

Dis natuurlik ook sy kinders wat hom die beste ken. "Pa is ongelooflik hardwerkend. Hy het baie tyd in die besigheid belê, en ons het dit as kinders dalk nie altyd verstaan nie, maar hy streef altyd na 'n langtermyn oplossing eerder as 'n kortstondige een. Hy het ons altyd deel van sy werksdag gemaak, of dit nou was om melksyfers in te voer, beeste te help melk of kwaliteitsbeheer in die kaasfabriek toe te pas. As besigheidsman vat hierdié Duitser nie sommer nee vir 'n antwoord nie. Hoe groter die probleem of uitdaging, hoe harder werk hy om dit op te los. Ons as kinders kan nie meer trots op hom wees nie", vertel Karla.

My dag by La Mont was heerlik, en ek het die geselskap van hierdié besonderse mens baie geniet. Van een ongelooflike Duitser na 'n ander. Johann Wolfgang von Goethe was reg gewees toe hy gesê het "life is too short to enjoy bad wine", maar daar steek beslis waarheid in Eckard se siening dat "life is too short to enjoy bad cheese".

*- Astrid Fisher*
*Bemarking en Kommunikasie Spesialis*

# SERVICE EXCELLENCE AWARDS 2025

The core and pride of any business lie in its staff and management. With the right leadership, a dynamic management structure, and a proactive team, SSK has proudly and unwaveringly lived out its motto "Work together, Win together," as a business this year. It was at the recent Western Cape Government's Service Excellence Awards, which was held on the 12th of September 2025, that Mr. Francois Swanepoel, SSK's Chief Executive Officer received the prestigious Premier's Special Recognition Award on behalf of SSK. This award is proof of the exceptional performance and valuable contribution to service excellence that the business render in the Western Cape.







**The Premier of the Western Cape, Mr. Alan Winde, presents the award to Mr. Francois Swanepoel.**

## SSK AGRILAND KONFERENSIE/SSK AGRILAND CONFERENCE 2025



**Agter (v.l.n.r): Willem Rossouw, Pieter Bezuidenhout, Deon van Zyl, Rudi Fick, Botha Fereirra, Franco van Loggerenberg en Godwin May**
**Derde ry (v.l.n.r): Lodewyk Kellerman, Brian Archer, Danie Slabbert, Jaco Herselman, Robert Griebenow, Theo van der Westhuizen , Mossie de Jager, Francois Möller, André Wentzel, Freddie Victor, Ryno van der Merwe, Dewald Meyer, Anton Swart, Divan Prins, Johan Esterhuizen, Morné van Rensburg, Gray Channon, Gerhard Piek, André van Wyk, Jaco Labuschagne, Lood Robbertze, Janus Smit, Johann Jördens, Johan le Roux, Desmond Hayes, Jaco Jonker, Deon Wait, Gerhard van Jaarsveld, Morne Terblanche en Emile de la Harpe**
**Tweede ry (v.l.n.r): Karin Nel, Gertjie Odendaal, Eugene Immelman, Elzaine Jansen, Jacques van Greunen, Rikus Meyer, Rufus Human, Adam de Vos, Albert Boonzaier, Christo Carstens, Conrad van Tonder, Rodney Baadjies, Tom de Koning, Gerrit du Preez, Pine Pienaar, Mariska Terblanche en André du Plessis**
**Voorste ry (v.l.n.r): Sune Levendal, Amelia Schutte, Tronel Lourens, Monique van Tonder, Adri Verwey, Annare Swart, Patrys Erasmus, André Burger, Ronalda Kemp, Natasha van der Westhuizen, Jonelle Fiet, Charlene Willemse, Susan Barkhuysen, Cora de Beer en Lindie Henry.**

## SSK LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Louisa Elbrink

**20 JAAR:** Amelia Schutte

**15 JAAR:** Elizabeth Erasmus, Peter Kistoor en Koos van Zyl

**10 JAAR:** Esmarelda du Preez, Lionel Abrahams, Jakobus le Grange, Nathaniel Piedt, Marietha Terblance, Emelda Pietersen, Nathan Jacobs en Francois Damons



**Francois Möller (Operasionele Bestuurder: Agriland) wens Louisa Elbrink (Administratiewe Beampte: Agriland Riversdal) geluk met haar 30 jaar diens.**

PAY LESS WITH GREAT SAVINGS ON

**GARDENING, PETS, HOUSEHOLD, OUTDOOR, PAINT, GROCERIES & LOTS MORE!**

Agri Land SSK




# SUMMER PROMOTION!

**PRICES VALID FROM 20 NOVEMBER - 31 DECEMBER 2025**




EXTRA 2kg

**MONTEGO**
CLASSIC ADULT DOG FOOD
20kg + 2kg EXTRA

**R509**

01401980



**LASHER**
DIGGING SPADE NO 2

**R235**

1031860



**EUROLUX**
LED WORK LIGHT 50W 6500K
(5000 LUMENS)

**R399**

00501256




**HOME QUIP**
RECHARGEABLE TABLE TOP
COOLBLASTER FAN 18cm

**R359⁹⁰**

00302153



**BASECAMP**
COOLER BAG TOTE LARGE

**R369⁹⁰**

00302716




**COMBO:**
BUY 20kg &
GET A **FREE**
TRUSTY ADULT
2kg DOG FOOD

**TRUSTY**
ADULT DOG FOOD 20kg

**R399**

01401715



**LEO**
PRESS ACm75 WITH PUMP
CONTROLLER 220V

**R2299**

00101674




DELUXE CREMA,
ROMANO ESPRESSO,
MOCHA JAVA OR
BLUE MOUNTAIN

**CATURRA**
COFFEE FILTER OR BEANS 1kg

**R289⁹⁰**




**LK'S**
CHARCOAL STARTER (GALVANISED)

**R239⁹⁰**

0720610




**AGRILAND**
BLEACH 5ℓ

**49⁹⁰**

00401835



**RUSSELL HOBBS**
CREASE CONTROL IRON
2200W (RHI227)

**R389**

00406042



**DAB**
JETCOM 82m AUTO

**R2199**

00101741



WE RESERVE THE RIGHT TO LIMIT QUANTITIES. PICTURES MAY DIFFER FROM ACTUAL PRODUCTS. **WHILE STOCKS LAST.** PRICES INCLUDE VAT. MANAGEMENT CAN NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY CHANGES OR PRINTING ERRORS THAT MAY OCCUR. PRODUCTS WHICH ARE NOT IN STOCK AT YOUR LOCAL STORE CAN BE ORDERED ON REQUEST. E&OE.

**ABERDEEN** TEL: 049 846 0489 **ALBERTINIA** TEL: 028 735 1094 **AVONTUUR** TEL: 044 752 3004 **BATHURST** TEL: 046 625 0068 **FORT BEAUFORT** TEL: 087 7029889 **GEORGE** TEL: 044 801 4500 **GOLDEN VALLEY** TEL: 087 7004372 **HANKEY** TEL: 042 284 0310
**HEIDELBERG** TEL: 028 514 8705 **HERBERTSDALE** TEL: 044 651 1676 **HERMITAGE** TEL: 042 0070080 **HEROLD** TEL: 044 888 1626 **HUMANSDORP** TEL: 042 2951501 **KAREEDOUW** TEL: 042 2880414 **KIRKWOOD** TEL: 042 230 1185 **KNYSNA** TEL: 044 382 3027
**KRAKEEL** TEL: 042 274 2201/16 **MISGUND** TEL: 042 275 1409/21 **MOSSEL BAY** TEL: 044 601 1200 **NOLL** TEL: 044 745 1277 **PATENSIE** TEL: 042 2830011 **PLETTENBERG BAY** TEL: 044 533 0495 **PORT ALFRED** TEL: 046 6243060 **RIVERSDALE** TEL: 028 713 2404
**ROBERTSON** Tel: 028 514 8684 **STILL BAY** TEL: 028 754 3520 **SWELLENDAM** TEL: 028 514 8770 **UITENHAGE** TEL: 041 9229022 **UNIONDALE** TEL: 044 752 1217 **VISIT OUR WEBSITE AT WWW.SSK.CO.ZA**

# SSK Vrouedae

Dit is altyd 'n voorreg vir SSK om ons lojale SSK vrouens jaarliks met 'n oggend vol samesyn en lekker lag te bederf. Hierdie jaar was dit die beurt van die Heidelberg-, Mosselbaai- en Uniondale-dames om mekaar se geselskap te geniet. En in watter beter vertrek om saam te kuier as in die "kombuis", met kosskrywer-, kenner, redakteur en aanbieder, Carmen Niehaus agter die potte! Carmen is 'n bekende gesig op televisie en veral geliefd vir haar werk aan Huisgenoot se Wenresepte-kookboeke.

## HEIDELBERG




**V.l.n.r: Carmen Niehaus, Petra Stighling, Marjo van Dyk en Marthie Willemse**



**Karamel-roomkoek**



**V.l.n.r: Rika Joubert, Retha van Papendorp en Letetia Steyn**

## MOSSELBAAI



**V.l.n.r: Ilze Pienaar, Irma Oosthuizen en Cheryl Muller**



**Omgekeerde appeltert**




**V.l.n.r: Irma Muller, Carmen Niehaus en Karin Muller**

## UNIONDALE



**V.l.n.r: Withney Belcher, Jolene du Randt en Gail Strever**



**Turkish Delight Chia-jogurtgereg met vrugtekompote en vars aarbeie**



**V.l.n.r: Delien Potgieter, Dominique Myburgh-Van Reenen, Robyn Olsen, Sumi Zondagh, Daneel Rossouw, Carmen Niehaus, Carlien Oberholster, Liezl Jonker en Nadine Janse van Rensburg**

# BUFFELJAGSRIVIER SE SUIKERBRUG

'n Groot behoefte in die vroeë jare van Britse heerskappy was 'n hoofweg tussen Kaapstad en die Oos-Kaap. In 1830 het verkeer op hierdie roete, toe nog die ou Kaapse wapad, begin toeneem. Die pont oor die Buffeljagsrivier kon nie meer die verkeer hanteer nie. Die oorgang oor die Buffeljagsrivier naby Swellendam was 'n uitdaging, omdat daar storms in hierdie gebied voorgekom het en die rivier se walle oorstroom het. Goewerneur Charles Somerset het 'n pont laat installeer, maar dit was onbevredigend en die Sentrale Padraad het besluit om die pont met 'n brug te vervang.

Die taak is aan Charles Cornwallis Michell, later die landmeter-generaal aan die Kaap, opgedra. 'n Assistent ingenieur in sy kantoor, William Admore, word in 1845 na Swellendam gestuur om die brugterrein te verken en die konstruksie te reël. Admore het gemeen dat die breedte van die vloedvlakte 'n brug van ongeveer eenhonderd meter lank sou vereis. Dit sou op daardie tydstip die langste brug in die Kolonie wees. Spanboë was om baie redes nie haalbaar nie. Die boë sou in gevaar wees om tydens 'n vloed weg te spoel en hy beveel aan dat eerder klippilare met 'n houtdek gebou word. John Skirrow, Mitchell se bekwame adjunk, was aanvanklik verantwoordelik vir die ontwerp. Hy is in 1846 oorlede en Admore het die latere ontwerp oorgeneem.

Die bouwerk is aanvanklik deur die Royal Engineers en later deur die Higgo-broers, klipmesselaars wat uit Engeland in 1850 na die Kaap ge-immigreer het, gedoen. Die brug is met sandsteenblokke op 'n rotsfondasie met 'n houtdek gebou en klip is uit 'n steengroef naby Swellendam gehaal. Per toeval het die boot genaamd Robert, aan die begin van 1846 op pad van Burma na Engeland, met 'n vrag kiaat aan die mond van die Lourensrivier, gestrand. Die hout is na Port Beaufort verskeep en van daar per ossewa na die terrein vervoer. Suiker is as vertragingsmiddel (gips en suiker) in die betonmengsel gebruik. Sement was onverkrygbaar. Die plaaslike inwoners van Swellendam was geamuseerd met die byvoeging van suiker tot die beton, en het die brug Suikerbrug gedoop. Weens vertraging in die aflewering van materiaal is daar eers in 1847 met die bouwerk begin. Die bouwerk aan die brug is in 1852 voltooi. Die brug het tot in 1980 diens gedoen, waarna dit gesluit is.

Na 'n besonder erge vloed in 1936 het 'n deel van een pilaar losgebreek en aandag benodig. Na 1953 het die brug nog plaaslike verkeer gedra, maar die hout het begin verweer. Op 'n stadium was daar 'n toename in beskadigde bande van dorpsvoertuie. Daar is gevind dat die koppe van die spykers in die brug afgeslyt was en voertuigbande beskadig het. In die 1980's het nog 'n vloed verdere skade aan die pilaar veroorsaak, met die dek wat nou vinnig agteruitgaan het. Daar is besluit om die brug permanent te sluit. Op 6 Februarie 1989 is die Suikerbrug as 'n Nasionale Monument verklaar (nr. 18541/9/2/192/0067) en word dit 'n Graad 2 erfenisterrein. In 2016 is die brug tweede geplaas op die lys van die tien mees bedreigde erfenisterreine in die land. Sedertdien het die Swellendam Erfenisvereeniging en ander erfenisinstansies herhaaldelik by die provinsiale owerhede aansoek gedoen vir die goedkeuring om die brug te herstel, maar tot op hede het geen departement positief gereageer nie.

Admore het sy lisensie om as 'n regeringslandmeter te praktiseer in 1856 verkry, en het toe na Seymour in die Oos-Kaap verhuis. Ongelukkig het hy tragies omgekom in die ergste van tragedies: op 18 Oktober 1877, terwyl hy van 'n opmeting in die Tarka-distrik teruggekeer het, het hy en sy span van veertien op die Katbergpas verkluim toe hulle deur 'n sneeustorm oorval is.

Antonij se klip: Volgens oorlewering was 'n groot sandsteenblok wat in die bouwerk gebruik sou word so swaar dat dit die wiel van die wa op die pad van die groef na die brugterrein, gebreek het. Die klip het van die wa afgegly en die remman, ene Antonij, gedood. Die klip het vir ongeveer 130 jaar in die veld gelê voordat die boer, Mnr. Pieter Swart, dit uit die koringland verskuif het tot na die punt waar dit vandag lê.

*- Wim Victor*
*Swellendam Erfenisvereniging*



**Suikerbrug by Buffeljags**
**(Koördinate: 34˚02'43.26" S 20˚32'05.17" O MBS: 67m)**



**Die brug na 1980 toe dit vir voertuie gesluit is. Voetgangers het toe nog gebruik gemaak van die brug.**




**Antonij se klip by die ingang van die plaas, Appelbosch, langs die N2 tussen Swellendam en Buffelsjags.**

MOENIE ONVERHOEDS BETRAP WORD NIE

JOU REGTER- EN LINKERHAND OP DIE PLAAS

STAAN JOU BY DEUR DIK EN DUN

NIE 'N KAT IN DIE SAK VERSEKERING

SSK VERSEKERING

VOORSIEN VIR DIE ONVOORSIENE

**2024/2025 Santam Silwer Toekenning:** Vir uitsonderlike prestasie in die Oos- en Suid-Kaap Streek

**Old Mutual Insure Makelaar Toekenning:** Brons Toekenning in die "Outsourced Business" Kategorie

**Safire Versekerings Toekenning:** Silwer Toekenning vir Netto boekgroei bo R2,5 mil

**Western Makelaar Toekenning:** Top Presterende Makelaar Medium Kategorie vir groei van 23.1% in premie-inkomste

Kontak ons gerus vir kwotasies op persoonlike, kommersiële en landbou-risiko versekering.
https://www.ssk.co.za/af/dienste/versekering/

**Swellendam 028 514 8784 | Heidelberg 028 514 8708 | Riversdal 028 713 3516 | Mosselbaai 044 601 1264 Avontuur 044 752 3004 | Humansdorp 042 007 0012**




# SSK AGRILAND OPGRADERINGS

Oor die afgelope vier maande is daar verskeie opgraderings by van ons SSK Agriland-takke gedoen, met beide die eksterieur en interieur van die geboue wat nou 'n vars en moderne voorkoms bied. In die komende jaar sal verdere opknappings ook by ons ander Agriland-takke voortgesit word. SSK is opgewonde oor die nuwe aansig van ons handelstakke, met die resultaat dat ons kliënte voortaan 'n nóg meer waardige en aangename inkopie-ervaring kan geniet. As jy nog nie by SSK Agriland Knysna, Noll, Riversdal, Swellendam of Stilbaai gaan inloer het nie, is die opgraderings die perfekte rede vir 'n besoek.


## KNYSNA





## NOLL





## RIVERSDAL





## STILBAAI





## SWELLENDAM





# SSK PAKHUIS MUSIEK TRIVIA

Die aand het ontplof met hekse, superhelde, insekte, renmotors en seerowers wat op die 23ste Oktober 2025 saamgedrom het vir die jaarlikse SSK Pakhuis Musiek-Trivia Aand. Hierdie jaar se "dankie-sê" geleentheid is by Annerkant funksielokaal net buite Kirkwood gehou, en soos altyd was dit 'n opskop soos min. Die geselligheid het intussen 'n vaste plek op SSK Agriland se kalender verwerf en is dit 'n spesiale aand waar pakhuis-personeel- en bestuur uit die Sondagriviervallei bederf en bedank word vir hulle harde werk en toewyding deur die jaar.



















# UMTIZA FARMERS' CORP PROCUREMENT TRAINING SESSION 2025



**Back row (f.l.t.r): Masilakhe Mabetha (Branch manager, Lady Frere), Vuyani Mnqodolo (Branch manager, Alice), Babalwa Jack (Branch manager, Whittlesea), Andiswa Sindaphi (Branch manager, East London), Zoliswa Hlanganyana (Branch manager, Butterworth), Nomachina Madlingozi (Branch manager, King William's Town), Anga Mtwana (Branch manager, Stutterheim), Pumeza Tyutwana (Branch manager, Keiskammahoek), Amandla Mtwebana (Branch manager, Ngcobo), Lunga Vava (Branch manager, Mqanduli), Khanya Gubevu (Branch manager, Qumbu), Mzukisi Makinana (Training officer, East London, Head office)**
**Front row (f.l.t.r): Amanda Williams (Ordering clerk, Berlin Distribution Center), Thabo Makgafola (Administration officer, East London - Head office), Nqabakazi Xotyeni (Administration officer, East London - Head office), Alipheli Ntsingila (Operational manager, East London - Head office), Wonga Tuta (Senior manager, East London - Head office), Lusanda Makosana (Warehouse manager, Berlin Distribution Center), Thembisa Nkolongo (Ordering clerk, Berlin Distribution Center), Sisanda Gqwakashe (Branch manager, Dutywa), Mildred Pete (Branch manager, Fort Beaufort), Felicia Situngu (Branch manager, Peddie), Ziyanda Tofile (Branch manager, Tsomo)**

# DIE SMAAK VAN WEN PROE LEKKER!

SSK filiale, Eureka Meulens en SOILL, WEN by die 2025 Gold Award Food & Home Toekennings. Die geleentheid is by Tryn Restaurant, Steenberg Golf Estate, op die 23ste September 2025, gehou.




**Nico Steyn, Algemene Bestuurder van Eureka Meulens, het die toekennings in ontvangs geneem. Die twee produkte wat Goue toekennings ontvang het, is hul Eureka Mills 00 Flour en Garlic & Chilli Ciabatta-brood.**




**SOILL het ook met 2 Goue Food & Home toekennings weggestap. Hulle B-well Pure Canola Oil en hul B-well Blended Canola & Extra Virgin Olive Oil was as wenners aangewys.**



**SSK wens ons SSK-lid, Packwood Farm (Knysna-streek), geluk met hul onlangse prestasie as wenner in die kategorie LNR Nasionale Kudde met die Beste Somatiese Seltelling – 170 000 selle/ml, tydens die 2025 ARC National Master Dairyman Awards. Heinrich (Heini) Hurter, plaasbestuurder van Packwood Farm, het die toekenning namens die plaas ontvang.**

SSK

Ons bedank u vir u ondersteuning en wens u en u gesin 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

~

We thank you for your support and wish you and your family a blessed Christmas and a prosperous new year.



Redaksie: Astrid Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Blitsdruk, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

www.ssk.co.za